See Versamelkuns (c)

Graad 3

A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. Die beginsels en toepassing van beplanning en tydsbestuur te leer.
2. Te lei om sinvolle en leersame versamelings te maak.
3. Te laat kennis maak met die korrekte wyse om te versamel.
4. Bewus te maak van die grootsheid van God se skepping.
5. Te leer om die see te respekteer en waardeer.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Na die skeppingsverhaal uit die Bybel luister, en besef dat hy deel is van hierdie skepping en dat hy met sy besondere talente en vaardighede verantwoordelik is vir die bewaring en onderhoud daarvan.
2. Agtergrondkennis in verband met ‘n versamelingken en kan gebruik. (Ook in graadwielboeke beskikbaar)
3. Kennis dra van verskillende soorte skulpe en ‘n gesprek daaroor voer.
4. Minstens 15 soorte skulpe vir die versameling optel.
5. Skulpe skoonmaak, klassifiseer, monteer en ‘n gesprek oor sy versameling voer.
6. Die volksname van minstens 3 skulpe ken.
7. Langs die see stap,artikels/produktevan die see versamel en daaroor gesels.
8. Uiting gee aan sy skeppingsdrang deur ‘n handwerkartikelvan bogenoemde versameling te maak.
9. As groep ‘n gebed of lied skryf om God te dank vir Sy skepping waarin ons mag leef.
10. Kennis maak met een eetbare skulp wat betref leefwyse, woonplek en eetgewoontes byvoorbeeld mossel, perlemoen, arikreukel.
11. ‘n Eenvoudige gereg waarvan minstens een bestanddeel uit die see kom, geniet.

C AANBIEDING

1. Lees of vertel die skeppingsverhaal en maak seker dat die kind besef dat hy deel van die skepping is en ook medeverantwoordelik daarvoor is.
2. Die inligting en reëls in verband met ‘n versameling moet met die kinders behandel word.
3. Vereiste 3 en 4.Gee vooraf opdrag hoe te werk gegaan moet word met die optel van skulpe sodat vermorsing vermy word. Let ook op na die bewaring van bedreigde spesies.
4. Vereiste 5.Skulpe moet gesorteer, gewas en uitgesoek word. Name moet opgesoek en nagevors word.Besondere aandag moet gegee word aan die netheid en orde van die versameling.
5. Vereiste 6.Met behulp van die Offisier moet minstens 3 skulpe benoem kan word.
6. Vereiste 7 en 8.Duidelik genoeg
7. Vereiste 9.Die lied of gebed word deur die groep onder leiding van die Offisier geskryf. ‘n Bekende wysie kan vir die lied gebruik word.
8. Vereiste 10.Ons eet so maklik die seekosse en vergeet dat dit ‘n lewende organisme is. Die doel is om die kind te laat besef dat lewe nie bloot vir eie gewin beëindig kan word nie.
9. Vereiste 11.Geniet ‘n eenvoudige gereg waarvan minstens een bestanddeel uit die see kom. Die kind hoef nie self die voorbereiding te doen nie.